



Verwysing: 20190808-7701
Lêerno.: 13/7/1/2
Navrae: C Klopper

Assesseringsbestuursminuut: 0009/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Bestuur en Beheer, Adjunkhoofonderwyskundiges, Assesserings- en eksamenkoördineerders, Vakadviseure en Hoofde van alle opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

Onderwerp: Duidelikheid oor die korrekte vakkombinasies vir die Nasionale Senior Sertifikaat

1. *Die Nasionale Beleid met betrekking tot die Program- en Bevorderingsvereistes (NBBPB) van die Nasionale Kurrikulumverklaring Graad R – 12*, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 41321 van 15 Desember 2017, verskaf die toelatingsvereistes vir Verdere Onderwys en Opleiding (VOO) in graad 10–12.
2. Die Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) duur drie jaar, te wete graad 10–12. 'n Leerder moet:
 - (a) alle gekose vakke vir al drie grade, graad 10–12, aanbied, en die programvereistes vir hierdie grade afsonderlik voltooi; en
 - (b) voldoen aan die Skoolgebaseerde Assesering- (SGA-) vereistes vir graad 10, 11 en 12 en die eksterne assesseringsvereistes vir graad 12 soos beoog in die beleidsdokument, *Nasionale Protokol vir Assesering Graad R – 12*, en die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklarings* van die verskillende vakke wat in Bylae B gelys word.
3. Leerders wat tot die VOO-fase toetree, moet een van die volgende rigtings, naamlik 'n akademiese (algemene) of tegniese rigting, volg.
4. Leerders wat die akademiese rigting of the tegniese rigting volg, moet die kurrikulum soos in die NBBPB beoog, volg.

5. Die goedgekeurde NSS-vakke word in Bylaes B en C van die NBBPB gelys. Bylae B word in twee hoofkategorieë, naamlik Groep A en Groep B, gegroepeer.
6. Leerders van graad 10–12 in die VOO-fase wat óf die akademiese (algemene) óf die tegniese rigting volg, moet vakke kies om aan die volgende NSS-vereistes te voldoen:

AKADEMIESE RIGTING	TEGNIIESE RIGTING
VEREISTES	VEREISTES
<p>Twee amptelike tale:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Een van die twee amptelike tale word op die Huistaal- (HT-) vlak aangebied • Die ander een óf op Huistaal- óf op Eerste Addisionele Taal- (EAT-) vlak • Een van die twee tale behoort die Taal van Leer en Onderrig te wees • Leerders wat doof is, mag Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) op Huistaalvlak aanbied • Leerder mag net een taal uit Xhosa, Zoeloe, Swazi en Ndebele aanbied • Leerder mag net een taal uit Pedi, Sotho en Tswana aanbied 	<p>Twee amptelike tale:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Een van die twee amptelike tale word op die Huistaal- (HT-) vlak aangebied • Die ander een óf op Huistaal- óf op Eerste Addisionele Taal- (EAT-) vlak • Een van die twee tale behoort die Taal van Leer en Onderrig te wees • Leerders wat doof is, mag Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) op Huistaalvlak aanbied • Leerder mag net een taal uit Xhosa, Zoeloe, Swazi en Ndebele aanbied • Leerder mag net een taal uit Pedi, Sotho en Tswana aanbied
Wiskunde OF Wiskundige Geletterdheid	Wiskunde OF Tegniese Wiskunde
Lewensoriëntering	Lewensoriëntering
<p>’n Leerder moet ’n minimum van DRIE addisionele vakke uit Groep B kies. ’n Leerder mag egter soos volg kies:</p> <ul style="list-style-type: none"> • ’n Maksimum van twee addisionele tale • ’n Maksimum van een vak wat ontwikkel is deur ’n geakkrediteerde assesseringsliggaam buiten die Departement van Basiese Onderwys (DBO) • Suid-Afrikaanse Gebaretaal (SAGT) op Huistaalvlak as een van die drie opsionele vakke aangebied 	<p>’n Leerder moet die volgende DRIE vakke kies:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Ingenieursgrafika en -ontwerp (IGO) 2. Fisiese Wetenskappe OF Tegniese Wetenskappe 3. Een van die volgende tegniese vakke: <ul style="list-style-type: none"> • Siviele Tegnologie (Siviele Dienste of Konstruksie of Houtbewerking) • Elektriese Tegnologie (Digitale stelsels of Elektronika of Kragstelsels) • Meganiese Tegnologie (Motor of Pas-en masjienwerk of Sweis- en metaalwerk)

VOORBEHOUDSBEPALINGS	VOORBEHOUDSBEPALINGS
<p>Die leerder mag meer as sewe vakke aanbied, met dien verstande dat die leerder aan alle vereistes voldoen:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vak moet in graad 10–12 aangebied word • Die leerder het voldoen aan interne en praktiese assesseringsvereistes vir graad 10–12 	<p>Die leerder mag meer as sewe vakke aanbied, met dien verstande dat die leerder aan alle vereistes voldoen:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Vak moet in graad 10–12 aangebied word • Die leerder het voldoen aan interne en praktiese assesseringsvereistes vir graad 10–12
<p>Dieselfde taal sal nie op HT- en EAT- of Tweede Addisionele Taal- (TAT-) vlak, of op EAT- en TAT-vlak aangebied word nie.</p>	<p>Dieselfde taal sal nie op HT- en EAT- of Tweede Addisionele Taal- (TAT-) vlak, of op EAT- en TAT-vlak aangebied word nie.</p>
<p>Die leerder mag nie Wiskunde sowel as Wiskundige Geletterdheid aanbied nie.</p>	<p>Die leerder mag nie Wiskunde sowel as Tegniese Wiskunde aanbied nie.</p>
<p>Die leerder mag nie Tegniese Wiskunde aanbied nie.</p>	<p>Die leerder mag nie Wiskundige Geletterdheid aanbied nie.</p>
<p>Die leerder wat Fisiese Wetenskappe aanbied, moet Wiskunde as 'n verpligte vak aanbied.</p>	<p>Die leerder wat Fisiese Wetenskappe aanbied, moet Wiskunde as 'n verpligte vak aanbied.</p>
<p>Die leerder mag nie enige een van die drie tegnologie-vakke aanbied nie (Siviele Tegnologie/Elektriese Tegnologie/ Meganiese Tegnologie as spesialiteitsvak).</p>	
<p>Die leerder mag nie Tegniese Wetenskappe aanbied nie.</p>	
<p>Die leerder mag nie Verbruikerstudies sowel as Gasvryheidstudies aanbied nie.</p>	
<p>Die leerder wat Sport en Oefenkunde Wetenskap aanbied, moet óf Fisiese Wetenskappe óf Lewenswetenskappe aanbied.</p>	
<p>'n Maksimum van een vak wat deur 'n geakkrediteerde assesseringsliggaam, buiten die DBO, ontwikkel en geassesseer is, mag aangebied word om aan die vereistes van een van die drie vereiste Groep B-vakke te voldoen.</p>	

Die Praktiese Musiekprogram van een van die Musieksamenliggame, naamlik die Associated Board of Royal Schools, Trinity College of London en Unisa, mag aangebied word ingevolge die voorwaardes soos in die beleid uiteengesit is. Verwys asseblief na die NBBPB vir die voorwaardes of kontak die Direkoraat Assesseringsbestuur hieroor.	
Die leerder mag nie twee van die volgende aanbied nie: Perdestudies, Maritieme Ekonomie, Seevaarkunde, Moderne Grieks, Serwies, Sport en Oefenkunde Wetenskap . Die uitsondering is Maritieme Ekonomie en Seevaarkunde – solank een as 'n 8ste vak aangebied word.	
Die leerder mag Mariene Wetenskappe (nuwe vak – by drie sentrums aangebied) aanbied.	
Die leerder mag Rekeningkunde met Wiskunde OF Wiskundige Geletterdheid aanbied.	
Die leerder mag Inligtingstegnologie (IT) en Rekenaartoepassingstegnologie (RTT) saam aanbied.	
Die leerder mag Ingenieursgrafika en -ontwerp (IGO) aanbied.	

7. Prinsipale word vriendelik versoek om toe te sien dat leerders wat vakkeuses in graad 9 maak aan die toelatingsvereistes vir die VOO-fase in graad 10–12 voldoen.
8. Wanneer daar agtergekom word dat leerders in graad 10–12 nie aan die toelatingsvereistes vir die VOO-fase in graad 10–12 voldoen nie, moet die prinsipaal seker maak dat die korreksies op die Sentrale Onderwysbestuursinligtingstelsel (SOBIS) so gou as moontlik aangebring word.
9. Inligting op SOBIS dui aan dat daar graad 10- en 11-leerders is wat tans verkeerde vakkombinasies aanbied.
10. Prinsipale word versoek om gebruik te maak van die foutverslagfunksie op SOBIS om graad 10- en 11-leerders te identifiseer wat tans vakkombinasies aanbied wat nie aan die beleidvereistes voldoen nie.

11. Daar word van enige graad 10- of 11-leerders verwag om hul vakaanbiedinge in ooreenstemming met die voorgeskrewe vakkombinasies te verander terwyl hulle nog in graad 10 of 11 is, aangesien hierdie leerders nie uitslae sal ontvang of deur Umalusi gesertifiseer sal word nie.
12. Bring asseblief hierdie inligting onder die aandag van alle graad 10–12 leerders, onderwysers en ouers.

GETEKEN: PAD BEETS

ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR

DATUM: 2019-09-17